



MEDIAVERKLARING

(vir onmiddellike vrystelling)

Woensdag 18 September 2024: Pretoria – Die MOS Inisiatief neem kennis van die BELA-wetsontwerp wat op 13 September 2024 onderteken is. Dele van die wetsontwerp waarteen RNE-vennote kapsie gemaak het, vorm nie deel van die wet deur die President onderteken is nie.

Graag wil ons ons ouers en leerders gerusstel en in breë trekke die invloed van die wetsontwerp op Die MOS Skole Groep en MOS-Wêreldwyd aanlyn tuisskool verduidelik.

Die belangrikste om van kennis te neem is:

1. Onafhanklike skole, met ander woorde al die skole in Die MOS Skole Groep, word glad nie deur die wetgewing beïnvloed nie.
2. Die tuisskoolomgewing, waarvan MOS-Wêreldwyd deel vorm, word glad nie beïnvloed nie, behalwe dat tuisskoolsentrums seker nuwe vereistes het ten opsigte van hul infrastruktuur / geboue.
3. Openbare skole word egter op die volgende maniere geraak:
 - 3.1. Die bevoegdhede van beheerliggame word ingeperk, maar Artikel 4 en 5 (wat onderskeidelik oor toelating en beleid handel) is vir eers op ys geplaas.
 - 3.2. Openbare skole met 'n sekere aantal leerders of minder kan beveel word om te sluit of met ander skole saam te smelt. Hierdie bepaling sal veral plattelandse skole raak.

Die slotsom: Alle MOS-skole en MOS-dienste word nie beïnvloed nie. Woon en werk rustig voort!

Die einde.

Meer oor Die MOS Inisiatief

Die MOS Inisiatief is 'n privaat maatskappy wat deur die Trust vir Afrikaanse Onderwys (TAO) gestig is met die doel om 'n Afrikaanse skole netwerk daar te stel om uitmuntende onderrig in Afrikaans te verseker en uit te bou.



Die doelwit van die organisasie is om in Afrikaans 'n innoverende, inklusiewe, toeganklike, volhoubare en toekomsgerigte leerstelsel te bou, waar kinders so verlief raak op leer dat hulle lewenslange leerders sal wees en verby die vierde nywerheidsrewolusie sal floreer.

Kontakbesonderhede:

Roedolf van der Westhuizen

Uitvoerende Hoof

roedolf@diemos.co.za

+27 12 880-293